# DIE MAN VAN VENUS

★ ★ ★

Enkel Verhaal

★ ★ ★

Jef van Staden

30 ¢

Op hul reis deur die ruim was hulle slegs vir 'n korte oomblik in aanraking met die vriendelike man van Venus, maar vir die twee aardbewoners was dit 'n ondervinding wat hulle nooit weer sou kon vergeet nie . . .

En intussen op aarde wag 'n ontstelde jong vrou in vertwyfeling op hul terugkeer, want sy het steeds dieper weggesink in die genadelose greep van 'n skurkebende wat bereid is om die gees van die mens vir hul eie stoflike gewin te verslaaf . . .

# DIE MAN V
# VENUS

*deur*

JEF VAN STADEN

*Uitgegee deur*
PRONKBOEKE
POSBUS 972, JOHANNESBURG
1961

*Alle persone en gebeure i*
*betrekking op lewe*

## INHOUD

*Hoofstuk* — *Bladsy*


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Formule $X^2P_5(O_8)$ ... ... ... ... | 5 |
| 2. | En Nou? ... ... ... ... ... ... | 16 |
| 3. | Die Aanbod ... ... ... ... ... | 25 |
| 4. | Rif se Ontdekking ... ... ... ... | 34 |
| 5. | Skokkende Tyding ... ... ... ... | 51 |
| 6. | „Dit Spyt My . . ." ... ... ... ... | 57 |
| 7. | Die Waaghals ... ... ... ... ... | 67 |
| 8. | „Ontsnap Moet Ons" ... ... ... ... | 77 |
| 9. | „Net een Oomblik—Asseblief!" ... ... | 88 |
| 10. | Die Breinsuier Praat ... ... ... ... | 96 |
| 11. | Die Groot Verrassing ... ... ... ... | 104 |


Hoofstuk 1

## FORMULE $X^2P_5(O_8)$

TOE Riva Sanders die deur van die laboratorium agter haar toestoot, slaan daar 'n muwwe damp van onrus en rumoer teen haar vas. Sy steek in haar spore vas, haar lang liggaam in die lelie-wit oorjas is stil soos 'n standbeeld in die middel van die vloer soos sy haar ore spits om te luister.

Dan stel sy die oorsprong van die opskudding vas en pyl met lang hale na die verste hoek waar die twee groot hokke met die ystertralies in die môreson staan.

In elke hok is daar 'n bielie van 'n bergbobbejaan. En albei is nou aan die brand. Hulle brom, blaas en met gekromde sterte swaai hulle van tralie tot tralie. Die klein kraal-oë blits.

Dit lyk vir Riva asof die duiwel in die twee diere gevaar het. Sy maak seker of die deure deeglik gesluit is, bereken vinnig of die ystertralies gaan hou. As die twee ou knewels haar hier moet takel . . . maar sy stoot die gedagte van haar af weg. Sy beweeg voetjie vir voetjie tot by die duskantste hok, verward en ontsteld oor die verandering wat daar oor die kese gekom het.

Eers rig sy haar tot Settie die ou ringkop wat al hope pille moes sluk as „proefkonyn" in die afdeling Kliniese Fisiologie van die Trans-Afrikaanse Navorsingsentrum.

Haar stem paai en pleit.

„Hallo, ou Set; wat het jou so omgekrap ou man?"

Die bobbejaan se stert klap teen die ystertralies soos hy omswaai en haar stormloop. Hy hap wreed na haar hand wat sy

naby die tralieysters hou, die swart lippe krul om die slagtande. „Nou toe nou!" Maar Riva Sanders weet nou—daar is 'n „swart slang" los hier in die kees-kolonie.

En Settie se buurman, kort na sy aankoms as optel-apie uit die rante van Oos-Transvaal reeds gedoop tot Spoetniek, bevestig haar groeiende agterdog.

Hy is ook omgekrap en nors en toon nie die minste neiging om haar eens te wil herken nie.

Sy draai om, stryk doelgerig tot by die groot wit staankas met die dik glasdeur. Haar grasgroen oë is eers peinsend en begin dan soek, langs die rakke af, springend van bottel tot bottel. By die blou plat fles stampvol met die geel en rooi kapsules, hou haar oë stil. Die byskrif, in vet getikte letters lees : $X^2P_5(O_8)$—Tranquin.

Toe Settie agter haar grom, gryp sy die bottel en skud drie kapsules los in 'n glasbakkie. Terwyl sy die kraantjie by die waterbak oopdraai sodat die water op die pille stroom, roer sy deeglik met 'n glasstafie in die glasbak. Binne oomblikke is die kapsules heeltemal opgelos en voeg sy 'n paar handevol hawermeel by.

Dan haas sy haar terug na Settie se hok, en toe sy die glasbak versigtig deur die tralies skuif, storm hy vorentoe, ruik skaars daaraan en begin die mengsel vraatsig op te slurp.

„Hoop jy sal nou beter voel," sê Riva en met haar hand streel sy Settie se maanhare. Hy verset hom nie teen hierdie liefkosing nie.

Toe hy merk wat gaande is in sy buurman se sel, brom Spoetniek opnuut. Terwyl hy orent staan teen die ysterpenne, raas hy eers en kyk toe jammerlik na Riva.

„Nee, ou Spoettie, jy kry nie nou nie; wil eers kyk wat jou ou buurman maak," sê Riva toe sy merk hoe angstig hy na haar kyk. Riva draai haar rug op Spoetniek en besluit om Settie se reaksies sorgvuldig dop te hou. Hy lek die glasbak gou en



deeglik leeg en gaan sit in 'n hoek van die hok op sy rooi ingeboude kussing.

Terwyl sy haar slanke liggaam regskuif op 'n driebeenstoel, merk sy hoe rustig ou Settie begin word. Eers vat hy aan 'n tralie en tuur peinsend soos 'n ou man op sy stoep in die skemerlig; toe, getrou aan die gewoontes van sy geslag, agtervolg hy hier en daar 'n vlooi in die harige voue van sy vaatjieribbekas.

Riva voel haar gedagtes begin te drentel. Sy glip terug na die oomblik toe sy en Rif Naudé met vakansie na die Sederberge in Kaapland vertrek het.

Dit is 'n moment wat gedobber het tussen 'n sterk Ja en 'n groot Nee. Aan die eenkant wou sy dolgraag gaan—saam met Rif—en aan die anderkant nie omdat sy gevoel het dat die proewe waarmee sy hier aan die instituut besig is, nog nie behoorlik afgerond is nie.

Sy werk aan 'n spesiale en dringende projek, naamlik om 'n formule te vind wat 'n veilige en duursame kalmeerpil moontlik sal maak. Terselfdertyd moet dit ook dien as 'n betroubare verslankingsmiddel wat nie die gesondheid nadelig beïnvloed nie.

Eers nadat sy minstens 2,000 uur byna onafgebroke aan die probleem gekou het, het sy uiteindelik op 'n voorlopige samestelling van 'n sestal elemente afgekom wat baie belowend lyk.

Dit is formule $X^2P_5(O_8)$ of Tranquin soos hulle dit tentatief gedoop het.

Wydverspreide handelsbelange en welsynorganisasies het dringende vertoë tot die direkteur van die instituut, dr. Carl Limken, gerig om die navorsing in hierdie projek te versnel aangesien daar 'n steeds stygende vraag na so 'n middel is.

'n Woordvoerder van hierdie belange het die direkteur daarop gewys dat weens die tempo van voortdurende verandering wat ná die Tweede Wêreldoorlog op alle gebiede van die lewe

ingetree het, talle mense hul ewewig kwytraak. Die gevolg is dat daar al hoe meer gevalle voorkom van mense van albei geslagte wat kla dat hulle nie meer goed kan slaap nie, dat hulle baie onseker voel, dat hulle bots met mense met wie hulle voorheen goed oor die weg gekom het.

„As dit terselfdertyd ook 'n verslankpil kan wees, sal dit sommer twee voëls met een hou verongeluk," het die woordvoerder vol verwagting aan Dr. Limken gesê.

Riva dink daaraan hoe sy dringend na die kantoor van die direkteur ontbied is. Die sekretaris van die Landwye Geesteswelsynplan het onrustig in die direkteur se kantoor rondgestaan.

Hy is 'n gesette man met 'n volmaan-gesig, amper nekloos. Dit lyk asof hy een of ander tyd met groot geweld op sy kop moes geval het, sodat sy ken tot teen sy bors gestamp is. Sy was skaars in die kantoor op die boonste verdieping van die instituut, of die woorde begin by die geesteswelsyn-man uit te borrel.

„Ons sit in die knyp, dr. Limken. Ons kan nie voorbly met al die gevalle op hande nie. Ek weet nie wat met die mensdom aangaan nie. Hulle los hier, vat daar. Hulle maal rond. Die onrus broei. Daar is net geen kalmte meer nie. Ek is hier by julle vandag nie net namens my eie organisasies nie maar ook op versoek van die Aptekersgroothandelgroep wat my in kennis gestel het dat daar 'n voortdurende vraag na 'n doeltreffende kalmeermiddel is van die kant van die publiek. Nou wat die verslankingsaspek betref, het ek gemeen . . ."

„Ek verstaan, mnr. Tidmarsch, ek verstaan," val dr. Limken hom in die rede. „Laat ons sien wat ons kan doen om julle te help."

Die kontaklens in dr. Limken se regteroog krap effens en hy stoot dit weer in posisie met gepunte vingers. Hy swaai 'n vet hand in die rigting van Riva en kyk na haar onder die riwwe van twee oorhangende oogbanke uit. Riva gaan sit.



Dr. Limken slaan die lêer gemerk „Lopende Projekte" oop en lees sorgvuldig die bladsy af.

„Ons is oorlaai hier met werk," sê hy, „maar ek meen dat ons mej. Sanders hier moontlik vir so iets kan afstaan. Hoe lyk dit?"

Hy draai hom na Riva. Voordat Riva nog kan antwoord, stoom Harry Tidmarsch van die flank af in.

„Asseblief, juffrou Sanders. Ons het u dienste dringend nodig. U mag nie weier nie."

„Ek is reg," sê Riva Sanders kalm. „Maar u moet besef dat so 'n sintese nie baie elementêr is nie. Veral omdat daar nie die minste twyfel moet wees nie. Die tablet moet heeltemal veilig wees en dit beteken uitgerekte toetstydperke. Om dit terselfdertyd ook 'n verslankingspil te maak, sal ekstra kopkrap vereis, maar ek dink ons behoort dit te kan doen. Hoeveel fondse is beskikbaar?"

Tidmarsch antwoord eerste.

„Ons kan byna dadelik R10,000 beskikbaar stel. Gebrek aan geld mag ons nie stuit nie."

„Die instituut is bra platsak op die oomblik, maar ek dink dit behoort vir eers genoeg te wees, of hoe, Juffrou?" sê dr. Limken.

„Ek meen ook so. Ek dink nie eens ons sal soveel nodig hê nie. Maar 'n mens weet natuurlik nooit presies nie."

Tidmarsch draai hom na Riva. Toe sê hy :

„Ons weet jy gaan slaag, Juffrou. Ons wil jou nou al baie dankie sê."

. . . . . .

Dit was die begin van 'n lang reeks uitgerekte eksperimente. 'n Verslankingsmiddel en 'n kalmeerder afsonderlik was nie te moeilik nie, maar die kombinasie is 'n voël van 'n ander kleur.

Oor die hele onderneming het die swaard gehang. Dit was die gevaar dat so 'n tablet gewoonte vormend kon wees, in welke geval die middel erger as die kwaal sou wees.

Riva Sanders het egter vir haarself 'n weg deur al hierdie versperrings gebaan. Sy het selfs 'n reis na die Bula-stam in die Kongo onderneem om 'n middel te ondersoek wat deur die toordokters uit 'n wilde kruiesoort gestook word en wat hulle gebruik om „duiwels" uit hul pasiënte te dryf.

Harry Tidmarsch en dr. Limken het haar steeds aangespoor. Sy het soms gewonder waarom Tidmarsch so haastig is. Eenkeer het sy hom dit tromp op gevra.

„Jy wat hier rustig in jou laboratorium werk, besef nie wat daar buite aangaan nie," het hy geantwoord. „Weet jy dat een of ander geestesongesteldheid vandag byna in elke huisgesin aangetref word, dat dit die oorsaak is van geweldige verliese aan mannekrag, ongelukke in fabrieke, selfmoord, mislukte huwelike . . ."

En Riva Sanders het harder gespook om die gesogte formule te vind . . .

Ses maande nadat sy die dag daar in dr. Limken se kantoor was, het die lig vir haar opgegaan. Teoreties, altans, het dit gelyk asof sy gewen het. Die wonderwerk het werklikheid geword —formule $X^2P_5(O_8)$ was die trotse eindresultaat. Toe sy dit 'n naam moes gee, het sy besluit op Tranquin.

Die toetsfase het aangebreek. Die twee ou kese, Settie en Spoetniek moes nou ook hulle deel bydra.

Sy was baie lief vir die twee bobbejane en het eintlik jammer gevoel oor wat sy nou aan hulle moes doen. Maar in belang van die mensdom . . . het sy haarself berispe, moet dit gedoen word.

Settie moes die ergste verduur. Eers is hy drie dae lank uitgehonger. En toe is alle moontlike pogings aangewend om sy bobbejaanhart om te krap. In sy knaende honger word hom die skotteltjie waarin hy altyd sy kos kry, aangebied. Toe hy die dekseltjie oplig, kyk hy vas in die oë van 'n venynige adder, waaruit die gifsakkies egter voorheen verwyder is.



Settie het drie keer bollemakiesie geslaan en sy angskreet het die stilte van die laboratorium geskud. Klappers het onverwags agter hom ontplof. Snags terwyl hy opgerol en versonke in 'n hoek van die hok sit, is 'n stroom water skielik op hom oopgedraai.

Eindelik het Settie gevoel dat selfs sy bestaan in die traliehok nie meer die moeite werd is nie en het hy gewonder waarom daar ooit so 'n ding soos 'n mens uit sy eie geledere ontwikkel het.

Die neerslagtigheid en onverskilligheid wat hom beetgepak het, was ontsettend. Hy het die stadium bereik waar hy vlak by die dood gedryf het.

Toe Settie besluit het dat die einde aan die kom was en inderdaad net om die draai is, het hy een oggend vroeg die wonderwerk belewe. 'n Heerlike bord hawerpap het voor hom gestaan—en dit was 'n werklikheid. Die eerste gretige slukke het alle twyfel uitgewis.

Riva was verheug omdat die foltering eindelik agter die rug was. Nou moes sy waarneem wat Tranquin se uitwerking sou wees op die ou bobbejaan. Die eerste tekens was gou sigbaar. Settie het weer lus vir die lewe gekry; die vuur in sy oë het teruggekeer. Dit was weer die moeite werd om bobbejaan te wees.

Net toe hy lustig begin rondstap in sy hok, het Riva hom kortliks weer aan 'n omkrap-sessie onderwerp. Dit was 'n dooie slang wat sy na hom gegooi het, 'n prik met 'n naald agter sy blad, 'n brandplek met 'n sigaretstompie aan die punt van sy stert . . . maar die reaksie was deurgaans blywend. Settie kon nie van stryk af gebring word deur hierdie prikkels nie.

Daar was geen twyfel meer nie : Tranquin $X^2P_5(O_8)$ is 'n treffer!

Spoetniek se rol in die toetsreeks was ligter. Hy moes slegs vasstel hoe effektief Tranquin as 'n verslankingsmiddel was. Hy het die uittarting en marteling vrygespring en is slegs gevoer,